

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

ds. PJ Kriel

Geloftediens Schoemansdal en Levubu

16.12.2017

Inhoud hierdie preek wys dat Purimfees ook net soos die Geloftefees gevier was om God te eer vir sy wonderbaarlike uitkoms uit 'n dreigende etniese volksmoord. Dit wys verder op die verskil in die wyse waarop God uitkoms gegee het in die Estergeskiedenis teenoor die uitkomst wat die Here van die mag van Israel se vyande gegee het, toe hulle 'n eie staat, politieke en militêre leiers gehad het. Dit wys dat God net so wonderbaarlik uitkoms kan gee met net 'n ou man en tienerdogter, as wat Hy dit 'n weermag en militêre leiers kan doen. God gebruik die sondes van ons vyande, die magte en wette van ons vyande, ons gehoorsaamheid aan Hom en ons bereidheid om vir ons eie gemeenskap se veiligheid en welvaart op te staan en in te staan, om dieselfde vir ons te doen as wat Hy vir ons voorouers by Bloedrivier gedoen het. Daarom moet ons God dank en eer vir die wyse waarop Hy ons by Bloedrivier 'n toekomst in hierdie land gegee het en op Hom hoop en vertrou om ons vandag uitkoms te kan gee van die staatsvyandigheid teen ons, net soos in die Estergeskiedenis.

Skriflesing Ester 1:10- 13; 20-22; 2: 2- 7; 3: 1-11; 4: 12 -13; 7: 1-6; 9: 1; 26- 28

Teks Ester 9: 1 Dit was die dag waarop die besluit en proklamasie van die koning uitgevoer moes word, die dag waarop die vyande van die Jode gehoop het om hulle te oorweldig. Die omgekeerde het egter gebeur: die Jode het hulle vyande oorweldig.

Tema God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer.

1. Die boek Ester beskryf die ontstaan van die Purimfees van die volk van die Here in die Ou Testament. Die Purimfees is die Israeliete se Geloftefees in die Bybel. In hoofstuk 9 word dit so gestel: “het die Jode dit op hulle geneem en hulle en hulle nakomelinge en almal wat by hulle sou aansluit, onherroeplik verbind om voortaan elke jaar hierdie twee dae te vier.” Vers 27

Oor die fees word dan in die volgende verse in hoofstukke 9 en 10 verder gestel dat:

- dit telkens op die voorgeskrywe wyse en tyd gevier moes word;
- hierdie dae in elke gesin en familie herdenk moes word;
- in elke provinsie en stad;
- dit mag nie afgeskaf word nie en
- hulle nakomelinge mag dit nooit vergeet nie;
- dat dit 'n dae moet wees van vas en om God aan te roep en te eer vir sy wonderbaarlike uitkoms;

Die ooreenkoms van die Gelofte van die slag van Bloedrivier is werklik opvallend!
Die die Gelofte stel dat:

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

- dat ons die uitkoms wat God gee elke jaar as 'n dankdag sal vier
- ons sal aan ons kinders sê hulle moet met ons in die Gelofte deel;
- dat die opkomende geslagte dit nie moet vergeet nie, dit moet deel van hulle nagedagtenis;
- die dag moet gevier word deur God aan te roep en die eer van die uitkoms aan God gegee sal word.

Ons mag met sekerheid stel dat ons as geloofsgemeenskap Geloftediens vier soos die Jode die Purimfees vier: ons vier die wonderbaarlike uitkoms van God uit die verwagte volksmoord deur die oorweldigende mag van ons vyande.

2. Die Here se uitkoms in die geskiedenis uit die haat en mag van die Persiërs, verskil baie van die geskiedenis van hoe God uitkoms aan sy volk gegee het uit die mag van hul vyande terwyl hulle in Israel gewoon het.

In die Rigters- en Koningstyd het die Here elke keer 'n nuwe godsdienstige en militêre leier soos Gideon, Jefta, Simson, Samuel, Saul en Dawid gegee wat die volk in militêre oorwinning oor hulle vyande gelei het. In hierdie tyd het Israel as gemeenskap hul eie land, hul eie regering, eie soldate en eie selfstandige en onafhanklike gemeenskap gehad. Hierdie leiers het die gemeenskap geïnspireer, gemobiliseer en georganiseer in oorwinnings teen hulle vyande.

In die tyd van Ester het alles egter verander. Dit was 'n totaal ander tyd met totaal ander omstandighede gewees. Die Israeliete was vir 'n baie groot deel nog as ballinge versprei oor die hele Persiese Ryk. Mordegai word uitgewys as een van die persone wat nog self deur Nebukadneser van Babilonië uit Jerusalem in ballingskap na Babilonië weggevoer is. 2:6 Nou is hy in die hoofstad van Persië, Susan, na die Persiërs Babilonië verslaan het.

'n Gedeelte van die Israeliete het al teruggekeer na Israel onder Xerxes (in die Bybel genoem Ahasveros) se oupa aan sy ma se kant, Kores. Mordegai en Ester is dus van die Jode wat nie na Jerusalem teruggekeer het na die ballingskap nie. Hulle was nog deel van die kerk in Persië, vandag se Iran.

Hulle omstandighede verskil totaal van die Rigters- en Koningstydperk daarin dat hulle sonder 'n eie land, 'n eie regering, eie konings en militêre leiers, eie soldate of eie staatsamptenare as gemeenskap moes leef onder die mag en wette van oorheersers. Hulle was 'n politieke tiran en sy magselite se dwangarbeiders volgens 10:1 Mordegai was geen gemeenskaps-, politieke- of geestelike leier gewees nie. Hy word elke keer beskryf as iemand buite die paleis by die poort van die paleis. 'n Buitelander sonder enige posisie of aansien. Ester self is geen rigter soos Debora nie. Sy is 'n 14 jarige mooi tienerdogter wat 'n skoonheidskompetisie gewen het en haar geloof en herkoms vir almal 'n geheim gehou het.

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

3. Daar was ook geen Israeliese gemeenskap wat deur leiers gemobiliseer en georganiseer kon word nie. As vreemdelinge binne hierdie mag van Persië was hulle magteloos, sonder enige werklike effektiewe mag van hul eie, uitgelewer aan die magsug, die wellus, die eiemagtigheid, die wispelturigheid, die eiegeregtigheid van 'n koning, en sy magselite om hom, wat hulle eie mag gesien en geglo het as onaantasbaar en absoluut. Dit wys in elke intrige binne die boek Ester.

Dit is juis die kontras wat in hierdie gebeure uitstaan: twee mense, sonder enige gemeenskap saam of agter hulle, wat in hul persoonlike hoedanigheid optree teenoor die magsbesluite van Persië. Twee magtelose enkelinge binne die totale mag van 'n absolute tiran en heerssugtige burokrate.

Die absolute mag van Persië was verhewe bokant enige aanspreeklikheid teenoor of inspraak van die Israeliete. Met absoluutheid het Persië oor die lewe en dood, welvaart en armoede, guns en onguns van elke Israeliete beskik.

4. Hierdie magtigheid van Persië was vergestalt in 'n ongeërgde koning, Ahasveros, en 'n eersugtige burokrasie hoof, Hamman. Met hierdie ongeërgde koning en met 'n heerssugte burokrasie, word die voortbestaan van Israel as geloofgemeenskap deur een enkele insident op die spel geplaas. Die insident tussen een gelowige, Mordegai en een hoë amptenaar Hamman.

Een insident maak 'n heerssugtige staatamptenaar so kwaad dat hy na die koning toe gaan en hom geld aanbied om 'n besluit te neem om 'n hele volk binne die Persiese ryk om een dag te vernietig:

“Toe sê Hamman vir koning Ahasveros: “Daar is 'n volk wat versprei is oor al die provinsies van u koninkryk en wat hul self apart hou van die ander volke. Hulle gebruike verskil van al die ander nasies s'n en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie. Dit is nie in die koning se belang om hulle te laat begaan nie. As u dit goedvind, vaardig 'n proklamasie uit om hulle uit te roei. Ek sal dan drie honderd twee en veertig ton silwer lewer aan u ontvangers van inkomste om dit in die skatkis te plaas.” Die koning se antwoord was: hou maar jou silwer en maak met die volk wat jy wil.” Hoofstuk 3: 8- 12

Net een insident lewer 'n hele volk uit aan 'n etniese suiwering, 'n volksmoord deur die staat- en staatsamptenare!

5. Die woord Purim is die woord wat die absolute mag van hierdie koning en sy staatsamptenare beskryf. Die woord Pur beteken lot. Dit is om die lot te werp om die wil van God te bepaal.

Die volgorde van hierdie gebeure in Ester mag ons nie verbygaan nie! Dit wil juis vir ons die magsug en eiemagtigheid van hierdie staatsburokrasie wys.

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

Hamman is woedend oor Mordegai nie voor hom buig nie. Om voor Hamman te buig beteken dat jy aan hierdie amptenaar die eerbied en eerbetoon gee dat jy met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag aan die mag van Persië behoort. Buite hierdie mag het jy geen eie lewe, eie bestaansreg of eie waarde nie. Deur nie te buig nie, wys Mordegai dat hy glo dat God aan hom sy eie waarde gee: dienaar van God.

Dit is die erkenning van eiewaarde vir God wat maak dat Hamman as staatsamptenaar besluit dat, oor een mens wat só optree, sal hy die hele volk wat só is uitmoor: “Hy het ook gehoor wat Mordegai se volksverband is, en vir hom was dit nie goed genoeg om vir Mordegai alleen dood te maak nie”- hy het ’n manier gesoek om al die Jode, man, vrou en kind, klein en groot, op een dag in die hele ryk uit te wis. 3: 6, 7, 13.

Na hy dit besluit het, soek hy in ’n godsdienstige ritueel by sy afgod net die datum vir die volksmoord waarop hy besluit het – met die lot. Hy besluit eiemagtig op die volksmoord en dan soek hy gemaak godsdienstig by sy god ’n datum. Daarna eers gaan hy en probeer die koning omkoop in die volksmoord, maar hy gee sommer ongeërg toe sonder omkoop geld.

Die rede vir die volksmoord is dat hierdie mense hul eie gebruike het: die gebruik om net God met hul hele hart, siel en verstand en al hul kragte te dien en eer en nie mense nie. Daarmee onderskei hulle hulself van al die gemeenskappe binne die Persiese Ryk – en dit is die rede vir die besluit om hulle uit te delg. 3:8

Magtiges wat die lot van mense beskik waar gode nog net datum moet gee! Die skouspel is om vir die Israeliete te wys dat hulle geen eie waarde het nie. As hulle nie buig voor die mag en gedienstig is aan die belange van die Perse, dan het hulle geen eie waarde en geen eie bestaansreg nie. Dit is wat die mag wat die staatsgeorganiseerde volksmoord op een dag moet demonstreer: jy het net waarde as jy die absolute mag van Persië mag se belange dien. Dit is hoe ’n mens die gelowiges sien wanneer jy hoor wat Hamman as hoë staatsamptenaar vir hulle beplan en jy sien hoe argloos Ahasveros ’n amptenaar toestemming tot ’n volksmoord gee.

Hulle kan doen en maak net wat hulle wil en almal is aan hulle mag uitgelewer om hulle lot te bepaal.

6. Teenoor hierdie gewaande goddelike mag van mense openbaar Ester dat die werklikheid presies net die teenoorgestelde is. God se volk is nie mense sonder enige waarde anders as om mense se mag te dien nie. God, nie mense met die lot nie, beskik sorgsaam oor sy kinders.

Binne die tipe mag wat mense sien en in glo as “die lot” en “onveranderlike wil en wetgewing van absolute heersers”, wys God sy mag om alles presies andersom te

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

laat gebeur as wat mense met hul lotsbeslissing en onveranderlike wette van Medes en Perse besluit. 9:1

Waar hulle deur goddeloses se absolute mag van alle eie waarde gestroop word, gee God aan hulle 'n eie waarde in sy raadsplan en behou God hulle vir die waarde in sy raadsplan. Binne die eiemagtigheid van goddeloses gee God eie waarde aan sy kinders. 8:16

Waar hulle besluit om sy volk uit te moor op een dag, maak God dit 'n dag waarop die hele Persiese Ryk in anargie verval sodat die enigste mense wat doodmaak word op daardie dag in die hoofstad van Persië, Susan, net Persiërs is.

So keer God die lot waarop die koning en sy staatsamptenare besluit het om die Jode uit te wis, om as die dag waarop net Persiërs doodgemaak word volgens dieselfde wil, wette en staatsamptenare van die koning.

7. Die besondere van hierdie openbaring van God se sorgsame en bewarende beskikking vir sy kinders in sy raadsplan met hulle, is dat sy naam nie een keer in hierdie openbaring oor Hom en sy almag genoem word nie. God se Naam kom nooit in hierdie boek spesifiek voor nie, behalwe in een vers aan die einde waar gestel word dat God aangeroep moet word en die eer gegee moet word in die Purimfees nie.

Hierdie afwesigheid van God se Naam is alles behalwe 'n verswyging van God uit minagting dat Hy niks te doen het met wat besig is om in die boek Ester te gebeur nie.

Dit is die teendeel.

Al word God nie een keer op sy Naam persoonlik genoem nie, word alle eer, dank, lof en aanbidding gegee, vir elke politieke gebeurtenis en elke insident binne die magintriges in die paleis van die koning wat in hierdie dramatiese oomblik met die kerk van die Here gebeur het.

God keer met sy voorsienige mag hulle beplande uitwissing om na dood van Persiërs – nie deur 'n eie weermag of eie leiers nie, maar deur die wet die wil en amptenare van die Persiese koning!

8. Hoe doen God?

- God doen dit nie deur Israeliese geestelike en politieke leiers nie. Daar is nie vir hulle op hierdie oomblik sulke leiers nie.
- God doen dit nie deur die krag van die Israeliese gemeenskap nie. Hulle is so onderdruk en verstrooi as vreemdelinge oor die wêreld, dat hulle nie as

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

gemeenskap georganiseer en gemobiliseer kan word deur eie leiers en geestelikes nie.

- God doen dit ook nie deur die geestelike krag en politieke vernuf van Mordegai en Ester nie.

Nou wat gebruik God om vir sy volk uitkoms van hierdie staatsbeplande en georganiseerde volksmoord?

Dit is die verstommende van die elke gebeurtenis wat afspeel. God gebruik elke sonde van hierdie magtiges om sy volk van hierdie volksmoord te red.

- God gebruik die koning se dronkenskap, pronksug en wellus om met sy onveranderlike wette sy eie koninging te onttroon en in feite van haar te skei.
- God gebruik sy ydelheid, wellus en magsug om deur 'n skoonheidskompetisie waarin hy met elkeen van die deelnemers seksueel verkeer, om 'n Joodse tienerdogter as sy nuwe koninging aan te stel.
- God gebruik die staatsamptenaar se haat vir sy kerk om 'n galg vir Mordegai te bou sodat die Here hom aan sy eie galg kan ophang.
- God gebruik hierdie koning wat homself met goddelike mag en eer beklee, om met die koning se wette die Israeliete te organiseer en mobiliseer teen die koning se eie mense.

Nog meer verstommende is dat God nie 'n Israeliese koning, leiers, weermag, staat, wette en amptenare gebruik om sy volk uitkoms te gee nie. Hy gebruik die koning, die staatsamptenare, die onveranderlike wette van die Mede en die Perse daarvoor.

- God gebruik die onveranderlike wette van die koning om sy kerk die mag en reg op selfverdediging te gee sodat hulle as gemeenskap teen hierdie beplande volksmoord behoue kan wees.
- God gebruik die Persiese staatsdiens en amptenare om vir sy volk uitkoms te gee.

Dit is hoe God die lot van magtiges verander om sy volk vir homself te behou en vir hulle hul eie waarde in sy raadsplan en diens te gee. Op hierdie wyse omskep God die volksmoord in 'n volksfees! 9:18 Die oomblik wat vir die kerk een van sy mees bedreigde en vernederendste oomblikke moes wees, verander God op so wyse dat daar in Ester aangekondig kan word:

“Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydskap en 'n gevoel van eie waarde.” 8:16

9. Wat het Mordegai en Ester gedoen?

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

Ons mag nie probeer om van hulle morele en geestelike helde te maak, so asof hulle geestelike verhouding met God, of die rede of die krag was wat die beplande volksmoord wat deur die lot verseël was, omgekeer het nie.

U mag dit nie miskyk en iewers iets in hulle sien wat so goed sou wees dat hierdie goedheid die rede was dat God vir sy kerk hier uitkoms gee nie. God se uitkoms en sorg was nie weens Mordegai se bekeerd en geesvervulde lewe gewees nie. Terwyl hy nie voor mense se mag gebuig het nie in gehoorsaamheid aan God, het hy sy eie broer se kind as 'n sekssimbool opgeveil. Dit was nie weens Ester se sterk en morele lewe nie. Sy het haar skoonheid gebruik om mag en aansien te kry deur vir die koning 'n sekssimbool te word en uit wraak mense se lyke uit te stal (9:13,14)

Hulle was gewone gelowiges wat God geëer en gedien het as God. Deel van hierdie eer en diens aan God was dat Mordegai 'n beplande moordkomplot teen die koning aan die gereg bekend gemaak en so die moord gekeer het.

Wat hulle uit hulle geloof in God gedoen het wat uitsonderlik was vir die tyd waarin hulle geleef het, was om vir hulle geloofsgemeenskap se veiligheid en welvaart op te kom en in te staan. Dit word in die heel laaste vers van Ester gestel oor Mordegai as beskrywing van sy hele lewe: "Hy het hom vir die welvaart van sy mense beywer en die veiligheid van al hul nakomelinge verseker." 10: 3.

Dit was ook wat Ester gedoen het deur haar lewe te waag om vir die veiligheid en bewaring van haar mense, haar lewe op die spel te plaas. Sy het die koning genader sonder dat sy die reg daartoe gehad het en net daarvoor doodgemaak kon word. Sy het nog verder gegaan om by die koning aanhou versoek te rig oor die veiligheid van haar geloofsgemeenskap, totdat hy hul reg en mag tot selfverdediging met die wette en staatsamptenare bekragtig het.

En God het hulle intrede en sorg vir hul geloofsgemeenskap gebruik, om hulle te red van 'n volksmoord.

10. Dit is wat ons in die Gelofte vier wat ook met die Purimfees gevier word!

- God verhoor die noodroep en gebed tot uitkoms van sy volk. God se naam word net een keer aan die einde van Ester gebruik in die sin: "Daar was ook voorskrifte oor hoe hulle moet vas en na God om hulp moes roep." Dit was Israel se werklik posisie in Persië en ook die Voortrekkers by Bloedrivier – gelowiges wat God om uitkoms bid! Gelowiges wat God om hulp roep teenoor 'n beplande volksuitwissing van 'n arglose koning en sy magtige onderdane.
- Om hulp roep omdat hulle voor die gewaande lotsbeslissing deur mense van 'n volksuitwissing gestaan het. Ons is mense wat God aanroep omdat ons

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

weet ons lewe is in sy hande en ons lot is nie in die hande van hulle wat dink hulle kan ons lot met hulle besluite en mag verseël nie.

- Met die Geloofte en met Purimfees, vier ons die wyse waarop God uitkoms vir ons uit 'n beplande volksuitwissing gegee het. God het die haat, wellus, magslus, hoogmoed, pronksug en moordlus van sy volk se vyande teen sy volk, teen hulle self gekeer. 'n Groote deel van die oorwinning by Bloedrivier was die verwarring van die Zoeloemag waarin hulle eie mag innerlik verdeel was.
- God het die sorg van hulle wat hul vir die veiligheid van hul gemeenskap en hul welvaart in die geloof in Hom opstaan, gebruik om alles wat teen hulle beplan is en wat eintlik deur die lot van magtiges verseël is, omgekeer om vir hulle weer die gevoel van eie waarde te gee.

11. Ek dink dat ons egter vanoggend iets in die Geloftediens van Purim moet vind wat ons nie in die Geloofte van Bloedrivier kan vind nie!

Purimfees is die geloftefees van die Here se volk wat op daardie stadium van hul bestaan nie meer eie militêre en politieke leiers gehad het nie. Die wonder van hierdie geloftefees in die Bybel is dat God hulle deur die militêre en politieke leiers van hul onderdrukkers uitkoms uit 'n volksmoord gegee het.

Die geloftefees in Ester gaan oor 'n tyd waarin die geloofsgemeenskap Israel hul self nie meer kon mobiliseer in georganiseerde selfbeskerming nie. Die wonder van hierdie gebeure is dat God die staatsdiens en amptenare wat hul ondergang moes bewerk deur die koning organiseer om hulle die reg op selfbeskerming te gee.

Die Here het in Ester die uitkoms gegee deur twee enkele persone wat uit hul geloof in God opgestaan het om in te tree vir die veiligheid en welvaart van hul gemeenskap by die owerheid.

12. Wat ontdek ons hierin?

Dat ons nog steeds die wonderbaarlike uitkoms van God van ons vyande kan verwag, al is ons nou 'n gemeenskap sonder leiers, 'n eie georganiseerde staat, onder die juk van arglose leiers en heerssugtige amptenare, net soos Hy dit by Bloedrivier met leiers en 'n weermag gedoen het.

Wat God by Bloedrivier vir ons gedoen het, kan en doen hy vandag nog steeds, met die mag van hulle wat ons as hulle vyande sien.

Hierdie vyandskap teen ons as Afrikaanse gemeenskap is werklik en teenwoordig. Ons mag in binne hierdie vyande geen eie waarde hê, met skole of 'n

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

gemeenskapslewe in ons eie taal nie. Ons moet geheel en al gedienstig wees aan die belange van ander mense sonder enige eie waarde. Hierdie vyandskap word deur die staatswette en staatsamptenare teen ons gevoer terwyl ons 'n arglose koning het.

Ons weet elkeen in ons eie gemoed dat een insident ons hele gemeenskap se voortbestaan op die spel plaas en ons voel totaal weerloos in ons magteloosheid dat ons nie meer eie leiers, 'n georganiseerde gemeenskap en 'n staatsdiens het wat in ons belang optree nie. Een amptenaar met een insident ontnem ons van Afrikaanse skole!

Hoe kan God vir ons vandag soos by Bloedrivier uitkoms gee van hulle wat ons ondergang droom en beplan?

Net soos in Ester: Hy is die God wat ons vyande se eie magte teen hulle self keer en hulle sondes gebruik as magte waarmee Hy ons toekoms verseker.

13. Hoe sal hierdie ontdekking oor hoe God wonderbaarlike uitkoms bewerk ons lewensingesteldheid verander?

- Ons sal nie hunker na en wegraak na die tyd van eie leiers en 'n eie staat asof dit ons enigste uitkoms en hoop is nie.
- Ons sal ontdek dat God net een of twee mense wat uit die geloof in Hom vir hul gemeenskap se veiligheid en welvaart instaan by die owerheid, 'n hele gemeenskap kan red van 'n staatsgeorganiseerde geweld en etniese suiwering.
- Ons sal elkeen as enkelinge op ons eie ons hele gemeenskap se belang dien, en nie wegraak in wegkwyne in die oorgawe dat ons in hierdie land geen eie waarde vir God het nie. Die oorgawe wat soveel ander al gemaak het dat hul nog net waarde vind om voor die mag te buig waarin hul geen eie waarde het nie.
- Ons sal in die geloof kan leef dat God ons 'n eiwaarde gee, al het ons en doen ons ook sonde soos Mordegai en Ester. Ons sal ons nie aan die geestelikheid onderwerp dat ons eers van al ons sondes moet ontslae raak voor God uitkoms vir ons van ons vyande sal gee nie. Ons sal nie stroom na self aangestelde geestelike leiers wat ons mislei asof God nie vir sondaars met hul sondes uitkoms uit 'n beplande en staatsondersteunde volksmoord kan gee nie.
- Elke gelowige sal weer sy posisie in die samelewing kan vind soos Ester haar plek gevind het. Sy was nie maar net 'n skoonheidspoppie wat haar lyf gebruik het om haarself te bemagtig met die mag van Persië nie.

Sy het in die geloof dat God wonderbaarlik uitkoms kan gee deur die magtig van die magtiges teen hul self te keer haar plek gevind soos haar oom dit gestel het:

God gee wonderbaarlik uitkoms vir sy kinders deur hul vyande se mag teen hulle self te keer

“Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie. As jy nou swyg en daar kom van ’n anderkant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met ’n oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koninging geword het!”

Wat God wonderbaarlik by Bloedrivier vir ons gedoen het, wat ons met hierdie Geloftedag herdenk, sal God ook vir ons wonderbaarlik doen deur een of twee mense wat hul posisie in die land sal ontdek as ’n aanstelling juis vir ’n tyd soos hierdie om vir die belang van jou gemeenskap in te staan!

Die wonder wat God by Bloedrivier deur leiers, ’n weermag en militêre slaankrag gedoen het, kan Hy vir ons vandag ook nog doen – deur die staatsmag en staatsdiens van ons vyande teen hulle self te keer. Dit kan God deur ’n ou oom en sy tiener niggie doen wat hul plek ontdek as ’n diensposisie om vir die eiwaarde van hul gemeenskap in te tree. Dit kan God deur ’n ou oom wat pakket gevat het en ’n jong tiener wat nie geleenthede op studie en arbeid gegee word nie, doen deur op te staan en in te staan vir die belang van hul eie gemeenskap se veiligheid en welvaart.

Kom ons eer die Here as die Here van die Gelofte van Bloedrivier en ook die Here van die Gelofte van Purim! Kom ons dank hom vir die wonder van Bloedrivier en kom ons hoop op Hom vir onself vir die wonder van ’n Purimfees.